● JOHNSTON SERPE . . 7/6
● PALM BEACH DASSE . 5/9
● AMERIKAANSE OORTREKJERSIES

DIE EIKESTADWINKEL (EDMS.) BPK.

● Onthou ons Snyersafdeling in CUTHBERT se Geboue.

DIE Matie

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

H. VILJOEN
PLEINSTRAAT
GLOEILAMPIES en alle ELEKTRIESE BENODIGDHEDE

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
21 MAR 1946
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH UNIVERSITY LIBRARY.

DEEL I. No. 8. VRYDAG, 3 MEI 1946. Prys 1d.

# STELLENBOSCH EN DIE BROODPOSISIE

## Uiteenlopende Menings Oor Toestand

**Luidens onderhoude van 'n verteenwoordiger van die Matie met koshuisbestuurders, matrones, kafee-eienaars, hotelbase, bakkers en die rektor van die Universiteit, blyk dit dat die gevoelens betreffende die jongste brood- en meelregulasies wissel vanaf sonnige optimisme en berusting tot angsvallige swaarmoedigheid en verontwaardiging.**

Oor die algemeen is almaal dit daarmee eens dat wie ook al vir die toestand verantwoordelik gehou moet word, dit gebiedend noodsaaklik is dat verpligte besuiniging toegepas moet word. Maar die wyse waarop tewerk gegaan is, lok in die meeste gevalle heftige kritiek uit.

**Nogtans heers daar geen paniekerigheid nie en word die versekering gegee dat loserende studente en skoolkinders ten minste nie honger gaan ly nie.**

Gevra wat hy van die jongste verbod -maatreëls dink, het Oubaas Haldenwang sy skouers opgehaal, sy hande uitgestrek en met 'n glimlaggie wat getuig van 'n goeie humorsin gesê: „Dat weet ik selve niet!" en onmiddellik daarna vertel dat die broodtou voor sy winkel sóveel man dik tot by die Gereformeerde Kerk staan en dat hy magteloos bly om in hulle behoeftes te voorsien.

### OPTIMISTIES

Die volgende segsman, mnr. Neurock, eienaar van die Masonic-hotel, was meer optimisties. Hy meen dat hoewel sy broodrantsoen met veertig persent ingekort is, sy kliënte feitlik geen ongerief sal ondervind nie. Hy het die aandetes en middagetes omgeruil en is van mening dat indien 'n verdere inkorting toegepas word, hy nog in staat sal wees om die moeilikhede te oorbrug. In dié verband waardeer hy die goeie gees van toegewendheid, van tevredenheid aan die kant van sy kliënte besonder baie.

Mnr. Neurock voel egter jammer vir sy bediendes wie se stapelvoedsel gewoonlik brood was en wat dit nou sal moet verbeur.

Mnr. Nerock wil tewens die beskeie wenk aan die hand doen dat daar in Stellenbosch 'n broodspaardépôt opgerig behoort te word onder beheer van een of ander liefdadigheidsorganisasie. Genoemde liggaam kan dan reël om alle oortollige snytjies of skoon oorblyfsels by maaltye wat verbruikers kan spaar, te laat droog en by een sentrale opslagplek te bewaar. Sulke spaarbrood kan dan onder behoeftige mense, veral kleurlingkinders uitgedeel word. Hy meen dat dit die plig van elke lid van die samelewing is om toe te sien dat hy geen ekstra krummel sal geniet solank daar nog 'n arbeider of kind sonder 'n stukkie brood moet klaarkom nie.

### KOSHUISE

Die universiteits- en skoolkoshuise volg ongeveer almal die beleid om die middag- en aandetes om te ruil. Ook hier besef die verantwoordelike persone dat die besparing vanweë die algehele broodkrisis geregverdig is, maar kla oor die wyse waarop daar beperkings op hul inwendige huishoudelike reëlings gelê is. Terwyl daar tog 'n broodkwota is, waarom het hulle nie die reg om hul brood te bedien na eie goedvinde nie?

Soos die posisie nou is, bring dit ekstra uitgawes en arbeid mee.

Die middagete moet aangevul word, want „wie kan dan nou werk of aan sport deelneem op 'n snytjie brood en 'n eier of vleisgereg as die lange middag nog voorlê?" Dus daar moet groente of iets dergeliks byge-

(Vervolg op bl. 4, kol. 1)

## Aandag: 'n Naweek-Kamp!

**Reëlings word getref vir 'n kamp van die O.B.-studentekommando's gedurende die langnaweek aan die einde van dié maand. Die kamp sal plaasvind op die plaas Blaauwklip, ongeveer drie myl van Stellenbosch, en sal waarskynlik strek oor die hele naweek, vanaf Woensdagmiddag tot Maandagoggend vroeg. 'n Baie aangename en interessante program sal gereël word.**

**Alle lede van die studentekommando's word daar verwag, en is baie hartlik welkom.**

**Hou Die Matie en kennisgewingborde goed dop vir verdere aankondigings.**

**VANAAND 'N KAMPVUUR!**

**Die twee studentekommando's hou vanaand om 7 uur 'n kampvuur in die Unie-bos, agter die Jan Marais-park. Bring bekers en reisdekens saam! En 'n 3d. asseblief!**

**ALMAL HARTLIK WELKOM**

## Die Soeklig Op Die Indiërprobleem

Indien u vir u eie informasie wil luister na 'n wetenskaplike, analitiese benadering van 'n saak wat op elkeen se lippe is, kom luister na 'n uiteensetting van die Indiërvraagstuk deur prof. dr. A. C. Cilliers.

Op 'n ope-vergadering op Donderdag, 9 Mei, om 8 uur n.m. in die Annexe-saal tree prof. Cilliers onder beskerming van die Bantoe-studiekring op.

Daar kan verwag word dat die spreker interessante lig sal werp op die netelige posisie waarin blanke Suid-Afrika homself bevind, nie slegs te midde van 'n oormag van Afrikaanse inboorlinge nie, maar ook teenoor 'n oorbevolkte Ooste wat lebensraum soek.

**Stellenbosch moet sy stem laat hoor. Sit krag by in hierdie poging en woon self ook die vergadering by.**

Plaaslike korrespondente van nuusblaaie en alle studente-verenigings, asook die publiek, word hartlik uitgenooi.

## Kunswedstryd Bereik Nuwe Mylpaal

Die komitee belas met die organisasie van die plaaslike kunswedstryd is alreeds 'n geruime tyd besig om die nodige reëlings vir hierdie jaar se program te tref. Soos daaruit blyk, is daar verbeterings in vergelyking met vorige jare aangebring. Daar bestaan nie alleenlik baie meer klasse nie, maar elke afdeling is noukeurig nagesien met die oog op die opknapping daarvan. Volkspele neem weer 'n ereplek in en die program vir orrelmusiek bestaan uit heelwat meer klasse as voorheen.

Ongekende geesdrif vir die kunswedstryd word ondervind. Die kunswedstrydkomitee het min moeite gehad om persone te bekom om met die beoordelings behulpsaam te wees. Persone wat plaaslik genader is, het hul bereidwilligheid getoon om hulself groot opofferings te getroos. Dan is daar ook diegene wat in die verlede gehelp het, en tans elders woon. So groot is hul belangstelling nog dat hulle bereid is om hier op Stellenbosch vir die duur van die kunswedstryd te vertoef en hand by te sit.

Anders as in die verlede, word én die stadsaal én die banketsaal deur 'n welwillende Stadsraad vir veertien dae tot die beskikking van die kunswedstryd-komitee gestel. Hierdie verandering beteken 'n groot verbetering; en wat die publiek betref, sal dit baie meer gerieflik wees.

Alle hande-arbeid en Junior-kuns word in die banketsaal uitgestal, en voordrag en musiek sal in die stadsaal beoordeel word. Seniorkuns sal, soos in die verlede, in die Carnegiesaal uitgestal word. 'n Uitstaande mylpaal, in die vorm van 'n jubileumfees ter viering van die tienjarige bestaan van ons kunswedstryd, word dus vanjaar bereik. Hierdie fees sal sy hoogtepunt in 'n konsert van besondere gehalte in Oktober bereik. By dié geleentheid sal van ons beste Afrikaanse kunstenaars as eksekutante optree, en die program sal uitsluitlik uit komposisies van Afrikaanse kunstenaars bestaan.

*Besoek DIE UITSPAN*

**Waar die atmosfeer rustig is, die bediening beleefd en flink, die spyse — vanaf 'n koppie koffie tot 'n volledige maaltyd — smaakvol aantreklik en goedkoop - - -**

***DIE UITSPAN is 'n besoek werd!***

Vir
LEWENSASSURANSIE
Raadpleeg
W. S. MALHERBE

SANLAM

Kantoor: Birdstraat 13, Foon 486.
Huis: De Waalstraat. Foon 222.
STELLENBOSCH.

BESOEK —
SUIKERBOSSIE
MELKSALON
en kom geniet julle ledige uurtjies in ons
BILJARTSALON

ONDERSTEUN
DIE ALOMBEKENDE FIRMA
R. MÜLLER
Beroemd vir
DIENS EN KWALITEIT VAN BENODIGDHEDE.
●
Ons spesialiseer in Musiekhandel en maak aanspraak daarop dat ons voorrade die grootste verskeidenheid bied, die volledigste is en altyd die nuutste insluit.
●
*TEORETIESE EN TEGNIESE BOEKE WAT HANDEL OOR ALLE VERTAKKINGS VAN DIE KUNS.*
●
R. MULLER
(EIENS.) BEPK.
Pleinstraat, STELLENBOSCH

Die Plaza
Foon 0013
—o—
THE STRANGE AFFAIRS OF UNCLE HARRY
George Saunders — Ella Raines
Geraldine Fitzgerald
Vrydag en Saterdag, 3 en 4 Mei
MATINEE SATERDAG

Gestig 1850
Foon 24
APTEKERS
JOERNING
EN SEUN
(EIENS.) BPK.,
Hoek van
Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH

*DIE MATIE*
Alle korrespondensie aan:
G. J. ROUX,
Hoofredakteur,
p/a Dr. Hoge,
Rowanstraat, Stellenbosch.

VRYDAG, 3 MEI 1946

# Verengelsing op Stellenbosch

**„Engels, Engels, alles Engels — Engels waar jy sien of hoor."**

**Dit kan met veiligheid beweer word dat jy op Stellenbosch onder die studente-gemeenskap MEER SUIWER ENGELS HOOR AS SUIWER AFRIKAANS! Die paar persone wat wel Engels praat, besig ten minste 'n suiwer taal, terwyl die massa wat Afrikaans praat, hul taal deurspek met Engelshede van allerlei aard en omvang.**

Natuurlik sal ons bogenoemde bewering heftig weerspreek. Temeer omdat ons graag aanspraak maak op die gevleuelde benaming van die „Mekka van die Afrikanerdom". En die platteland het deur die jare *geleer om op te sien na die Stellenboschse Universiteit om rigting en leiding in die stryd om die behoud van ons taal en ons identiteit.* En dié geloof in Stellenbosch leef nog voort. Al sou die res van die land die knie buig voor die „beskawing" en die kultuur en die invloed van die oorheerser, sal Stellenbosch die gesuiwerde profeet bly wat die heiligdomme van die volksiel onberispelik rein en sterk sal bewaar.

Dit is wat die volk van ons dink en verwag.

*Maar wat is die ware toedrag van sake?* Laat ons één oomblik daardie grootse verwagtinge toets aan die huidige spraakwerklikhede en die algemene gees wat die botoon voer. Laat ons 'n taalbesoek aflê.

Die kennisgewingborde trek eerste die aandag. Maar wat gaan hier aan? „On ye olde village greene", lees ons. Ja, dis 'n fondse-funksie van 'n groot dameskoshuis. Afrikaans is te armoedig om daardie mooi idee te adverteer; dit kan slegs Engels doen!

„Cozy corner!" heet dit op 'n volgende plakkaat. Die plek wil ook geldjies insamel. Begryplik moet dit aantreklik voorgestel word. En hoe kan jy dit tog in Afrikaans sê?

Hier is weer die versierde spyskaart van 'n manskoshuis se dineefunksie. Bo-aan staan „Carnaval" en later „kuier die gaste in 'n „quadscene". Ja, selfs die slotvers op die rugkant van die kaart is 'n Engelse gediggie. Nouja, ons is tog tweetalig en grootmoedig en liberaal. En daar is sulke mooi Engelse slagspreuke en epigramma en Engelse digjuweeltjies. Maar wat het ons nou eintlik in Afrikaans?

*Luister verder na die geselstaal van die studente.* Hulle pib mekaar, sit 'n date aan, call hy 'n nooi, mét of sonder 'n visiting card, dra tailcoats en ry jou wrintigwaar nog steeds op 'n bicycle. By die singsongs vir intervarsity skree hulle net we want iemand en dan is die iemand daar, as hy nie van pure feeblegeit bunk nie. En as hulle honger word, smaak 'n meat pie sommer vorentoe as 'n man nie te broke is nie.

*So praat die massa as hy praat en nie 'n speech maak nie.*

En wat lees die mense? Vra maar wie het al „Gone with the wind" of „Rebecca" gelees? Nou dis tog goeie Engelse boeke. Natuurlik almal. Reg. Maar hoeveel het al „Die dieper reg" gelees of „Raka" of „Lojale verset" of „Lewensvorme"? Nouja, dis mal mense en digters en B.A.-mense wat sulke goed lees!

*En een van die dae is die Engelse koning self hier,* en dan sal ons hom toon hoe 'n Engelsman onthaal behoort te word. Of hoe?

Op pad Kafferland-toe? Aikona! Op pad Engeland-toe, en dit met een van ons mooi Engelse liedjies in ons harte!

# „Musiek, Sang en Romanse"

„Wanneer die wagter van die dag die mistige swart-grys sluier van sy skouers afskud, en glorieryk sy verskyning op die gloeiende oosterse gesigseinder maak, dan werp die tweeling-pieke hul lang skadus oor een van die mooiste en vrugbaarste valleie in ons sonnige vaderland. En daar, in die boesem van die vallei, omring deur volmaak belynde bergmassas en genestel in die weelderige groen van eike en denne, lê die skilderagtige en oudste dorp in Suid-Afrika — Stellenbosch, die Eikestad. Maar dis nie alleen die stad van die eike nie, maar die stad van die jeug, en menige grysaard wat hier vertoef kan inderdaad in die woord van 'n Langenhoven uitroep: „My bloed word sommer weer rooier, daar kom weer vuur in my oog en olie in my knie," want daar in die skadu van die pieke vind ons die jeug met musiek, sang en romanse."

So het mnr. William Fullard, die organiseerder van die program: „In die skadu van die Pieke" wat verlede Maandagaand vanuit die plaaslike teljee uitgesaai is, begin. Augusta van Rooyen het die program geopen met „Care Selve" in F Atalanta van Handel, begelei deur E. Pretorius.

Bekende jong kunstenaars soos Makkie Grove, Eugene Pretorius, Fanie du Toit, Willie Serfontein, J. Smit, P. Jordaan en Louis Steyn het puik nommers gelewer. Veral een nommer het, toe dit vooraf herhaal is, by die aanwesiges opspraak gewek, nl. die Kweekskoolkoor van ongeveer 35 mans wat die „Onse Vader" gesing het. Daar is onmiddellik besluit om 'n plaatopname van die koor te maak. Hierdie koor wat op die oomblik nog deur dr. Cillie afgerig word gaan Juniemaand onder leiding van dr. Cillie 'n landswye toer onderneem om fondse in te samel vir 'n pas-gestigte Kweekskoolstudentefonds. Diegene wat hul nommer Maandagaand geniet het sal bes moontlik weer die geleentheid hê om êrens in die binneland na hul te luister. 'n Woord van hartlike gelukwensing aan mnr. Fullard wat hierdie genoeglike programmetjie gereël het. Ons hoop dit sal nie die laaste wees nie.

# In Memoriam

## Ds. P. K. Albertyn. †

Op Sondag, 28 April, is te Stellenbosch ter aarde bestel ds. P. K. Albertyn, die alombekende „Oom P.K." van die kinders. Al was hy nie meer in aktiewe diens van die kerk nie, is sy heengaan tog 'n groot verlies vir ons kerk en volk, en dit is seker gepas dat veral die jeug van ons volk sal kennis neem van die betekenisvolle lewe wat ons deur die dood ontval het.

Ds. Albertyn is gebore in die jaar 1872 in Kaapstad, waar hy ook later aan die ou Suid-Afrikaanse Kollege gestudeer het, alvorens hy sy opleiding te Stellenbosch voltooi het in 1899. Na 'n vrugbare bediening te Darling, Graaff-Reinet, Brandfort en Swellendam word hy in 1930 aangestel as Sondagskoolsekretaris en in hierdie hoedanigheid het „Oom P.K." nie alleen alom bekend en bemind geword nie, maar het hy seker ook die vrugbaarste jare van sy lewe deurgebring. Sy werk as redakteur van „Die Môrelig" en sy bekende „Handleiding vir Sondagskoolonderwysers toon sy intieme kennis van die „kindernatuur" (soos hy dit graag genoem het) en ook sy warme belangstelling in die kinderlewe. Gedurende die laaste paar jaar was ds. Albertyn besig om lesings te gee aan studente van die departement van opvoeding te Stellenbosch oor „Godsdiensonderwys op Skool," 'n onderwerp wat hy ook herhaaldelik met Kweekskoolstudente behandel het, en eersdaags sal uit die pers kom 'n werk van sy hand oor „Die Lewe van Christus," waaraan hy veel tyd en feitlik al sy kragte, miskien te veel van sy kragte, bestee het. Maar so eindig sy lewe tog op gepaste wyse in diens van die jongmense vir wie hy innig lief gehad het, en aan wie hy so baie keer vertel het, op uitstaande bekwame wyse, van die liefde van Christus!

Die Kaapse kerk kan hom verbly oor 'n ryke verskeidenheid van talente onder sy leraars en ds. Albertyn is een van ons ouere predikante wat 'n heerlike diens gelewer het, met die besondere talente wat die Here aan hom gegee het. Ons bring 'n dankbare hulde aan sy nagedagtenis ook namens duisende kinders van ons kerk!

# S.V.R.-Nuus

Voor die laaste kort vakansie het die Studenteraad alhier breedvoerige samesprekings gehad met afgevaardigdes van Universiteit Pretoria (mnre. Janson en Stofberg) en U.K.O.V.S. (mnre. Ackermann en Billigan).

Die slotsom waartoe die samesprekings gelei het was min of meer die volgende:

Dat die Afrikaanse Universiteite daarop sal aandring dat, op alle interuniversitêre aangeleenthede waarby hulle regstreeks betrokke mag wees, die segregasie-beleid konsekwent deurgevoer en gehandhaaf word. Wat die interne beleid van die Engelssprekende Universiteite betref veroorloof Stellenbosch en die ander Afrikaanse Universiteite hulle egter nie die reg om mee te spreek oor die huishoudelike aangeleenthede van ander Universiteite nie.

Soos onthou sal word, het die Studente-unie van Stellenbosch verlede jaar op 'n monstervergadering formeel met „Wits" betrekkinge verbreek, veral omdat 'n monstervergadering aldaar die Afrikaanse Studenteblad, „Spore" in die ban gedoen

Rook Springbok-Sigarette

# FASCISME OF KOMMUNISME?

Deur Dr. J. A. WIID.

**Daar is vandag min mense, veral in die Angel-Saksiese wêreld, wat nie glo nie dat die militêre vernietiging van Hitler se Duitsland en Mussolini se Italië ook die totale vernietiging van Nasionaal-Sosialisme en Fascisme is. Tot hierdie klein minderheid behoort waarskynlik die 75-jarige Joodse miljoenêr en raadgewer van vier Amerikaanse presidente, nl. Bernard Baruch. Voor die Amerikaanse „House Banking and Currency Committee" het hierdie ervare en invloedryke ou Jood onlangs uiters insiggewende verklarings gemaak. Hoewel hy sy verklarings veral met die oog op Amerikaanse toestande gedoen het, is dit juis om hierdie rede so interessant. Dat Baruch as verteenwoordiger van die groot kapitaal en as gesaghebbende staatsman van die rykste, magtigste en mees „demokratiese" staat van die wêreld, die vernaamste oorwinnaarland van die Tweede Wêreldoorlog, 'n dergelike verklaring kan doen, spreek boekdele.**

## AMERIKAANSE SORGE

Baruch se verklaring gaan veral oor die kroniese stryd in Amerika tussen die voorstanders van vrye onderneming aan die een kant en die pleitbesorgers van geplande ekonomie aan die ander kant. In hierdie stryd wat sy einde nog nie bereik het nie, is die woordkramery van die politici, volgens Baruch, maar net goudstof wat in die oë van die volk gestrooi word en verwarrend werk. Behalwe die ,ekonomiese toewenaars' wat tydelike mag daardeur verkry, word niemand gebaat nie. As die Amerikaners hul koppe en hul sterk materiële kragte nie oordeelkundig gebruik nie dan loop hulle gevaar om nie alleen hul leierskap in die wêreld te verloor nie, maar ook om die ,skip van demokrasie' in hierdie oseaan van verwarring te laat ondergaan. „Die hele Amerika," aldus Baruch, „hou die oog op Amerika en is verbaas oor die vertoning van 'n reus wat homself nie eers kan regruk om selfs in sy eie behoeftes te voorsien nie."

## WAT BARUCH AAN DIE HAND DOEN

Hoewel sy aanbevelings niks nuuts bevat nie, het Baruch, soos min Amerikaners hom dit kan nadoen, sy kritiek en voorstelle kragtig en helder gestel. Vir hom was dit 'n eerste noodsaaklikheid dat die produksie van die V.S.A. verhoog moet word. Dit is vir hom die Wet van die Profete, die hoeksteen waarop al sy ander aanbevelings rus. Voorts doen hy aan die hand dat daar opgehou moet word om die geldelike voorrade te vermeerder en die belastings te verminder totdat die begroting klop. Ook moet die volk nie om die tuin gelei word nie met die bewering dat loonsverhogings moontlik is sonder om die lewenskoste te laat styg; Pryse of lone moet alleen verhoog word waar dit nodig is om produksie aan te moedig. Pryskontrole, onderworpe aan ondergeskikte veranderings, moet nog vir een jaar gehandhaaf word. Profyte is toelaatbaar maar nie profitering nie. Begunstiging van die een of ander besondere groep moet vermy word. Vir diegene tussen die meulstene — klerke, regerings-werknemers, pensionarisse, ens. — moet daar gesorg word. Die stigting en finansiëring van klein sakeondernemings moet gestimuleer word. Geldleen moet oordeelkundig en nie blindweg geskied nie. Regeringsuitgawes, insluitende dié van die federale owerheid, staats-, distriks- en stadsregering moet verminder word. Alle werkstakings of uitsluitings („lock-outs") moet vir 'n jaar lank uitgeskakel word. 'n „High Court of Commerce" moet in die lewe geroep word om oor bogenoemde sake te beslis. 'n Ekonomiese diktatuur in die vrye demokratiese Amerika immers moet vermy word. Aldus Bernard Baruch.

## 'N EKONOMIESE DIKTATUUR?

Baruch is blykbaar erg besorg oor die nywerheidskrisisse in Amerika met hulle epidemies van stakings en wrywings tussen werkgewers en werknemers. Vir hom is dit 'n dwaasheid om te verwag dat die staat meer moet uitbetaal, terwyl die belasbare profyte deur stakings en loonsverhogings al kleiner en kleiner gedruk word. „Wie gaan enige voordeel behaal?" so vra hy, „indien goedere nie vinniger geproduseer word nie as lone verhoog en geld gedruk word?" Tensy elke man meer produseer as wat hy ontvang, sal daar vir hom en vir al die ander minder wees. Elkeen sal meer geld maar minder goed ontvang. Baruch sien in die voortdurende nywerheidsontwrigting die moontlikheid van meer en meer staatsinmenging. Vir hom as kapitalis is staatsinmenging en die gevolglike byna algehele nasionalisering van Amerikaanse nywerhede iets uit die bose. So iets is vir hom 'n ekonomiese en sosiale omwenteling van groter omvang as wat op die oomblik besef word. In hierdie staatsbeheerde toestand van sake sal die gewone burger geen stem of seggenskap hê nie en die dag sal aanbreek, aldus Baruch, dat die Amerikaanse arbeiders dit net so veel as alle Amerikaners sal berou.

Ten einde hierdie „euwels" te vermy wat eintlik by die Fascistiese en Kommunistiese stelsel tuishoort, wil die demokratiese kapitalis Baruch „voorlopig" 'n soort van ekonomiese diktatuur handhaaf. Hierdie demokraat wil dus „voorlopig" van Fascistiese (of Kommunistiese) middel gebruik maak of Fascisme of Kommunisme te beveg. So moet die staat b.v. vir een jaar sy buitengewone mag wat hy gedurende die oorlog besit het, gebruik en geen prys- en loonsverhoging moet sonder sy goedkeuring toegelaat word nie. Ook moet daar geen arbeidstakings gedurende hierdie tyd wees nie. Hy wil die Amerikaanse arbeider dus 'n reg ontneem wat hy (die arbeider) nog altyd as een van sy belangrikste regte beskou het, nl. die reg om sy werk te staak. Dit is waar dat Baruch 'n „High Court of Commerce" wil instel, maar hoe word hierdie hof saamgestel en wat is sy presiese bevoegdhede?

Nie alleen wil Baruch net soos Hitler, Mussolini en Lenin van diktatoriale middels en metodes gebruik maak om na-oorlogse wantoestande en wanverhoudings te verwyder nie, maar spreek hy die vrees uit dat indien daar nie volgens sy raadgewings gehandel word nie, „ons weldra ons in die moeras van verwarring sal bevind wat ons tot Fascisme of Kommunisme sal bring."

As iemand soos Bernard Baruch in die welvarende Amerika nie kans sien om met „demokratiese" middels wat die stempel van die Angel-Saksers dra, na-oorlogse siektes te genees, en die Fascistiese of Kommunistiese gevare af te weer nie, wat sal die posisie van die armoedige Europa en Asië wees wat so swaar deur die oorlog gely het? Sal dit Fascisme of Kommunisme wees?

# Die Stryd om Die Manel

Daar het al meermale en op meer plekke as Stellenbosch 'n stryd in kerkraad of Sinode opgeflikker oor die amptelike drag van kerkraadslede, en daar is soms meer stof opgejaag as nodig is.

Teen die swaar, warm, deftige en dure drag wat nou in swang is, het daar van 'n jonger en moderne geslag, wat nie minder ernstig is nie, verset gekom, wat hulle dan deur ander kwalik geneem word asof hulle die goeie gewoontes van die vaders wil afskaf, asof hulle ligsinniger geword het en aan die waardigheid van die amp afbreuk wil doen.

As ons nou egter net een geslag teruggaan, dan blyk dit dat die manelpak van kerkraadslede 'n moderne deftigheid is, wat niemand minder as so 'n stoere ou Kalvinis as dr. J. H. Neethling van Stellenbosch, oorlede 1904, nie aan sy kerkraad wou opdwing nie; hy wou hulle nie eens verplig om 'n swart pak aan te trek nie en het blykbaar genoeë geneem met 'n grys of vaal pak.

Voor die Sinode van 1883 was daar klagte oor die gebruik in sommige kerkrade om „vale baadjies" en „gekleurde onderbaadjies" te dra en toe is daar 'n voorstel ingedien om kerkraadslede te verplig, nie om 'n manelpak te dra nie, maar om *stemmig swart* gekleed te kom. Hierteen het o.a. ouderling Gie van Kaapstad beswaar gehad en, volgens *De Zuid-Afrikaan* van 20 Nov. 1883, „zeide hy dat in de Kaapstad dit plan grooten last zou geven, want ieder die je tegenkwam als je in 't zwart en met witte das gekleed was, zeide: „What's the matter?" Ook ouderling Herholdt (grootvader van prof. Keet) het daarteen gepraat en wou dit aan elke kerkraad se eie oordeel oorlaat.

Ds. Neethling van Stellenbosch „hield het ervoor dat het voorstel buitendien strekken zou om somtyds minder gegoede lieden te dwingen zich boven hun middelen te kleeden."

By 'n hoofdelike stemming oor die voorstel het 85 daarvoor gestem om kerkraadslede te versoek om *stemmig swart* gekleed te kom, 77 daarteen; maar daar was geen sprake van 'n manelpak nie, en hierdie besluit staan vandag nog in ons Kerkwette en Bepalinge.

(Vervolg in volgende kolom)

Wat nou by ons gebeur, is dat kerkraadslede vryheid wil hê, nie om die sedes van die vaders te verwerp nie, nie om aan die waardigheid van die amp afbreuk te doen nie, maar om tot 'n besluit en 'n gebruik van ouere vaders terug te keer en om die drag aan die amp verbonde nie 'n beswaar vir lede te maak nie. Daarmee bevind hulle hul in die beste geselskap, nl. dié van so 'n waardige kerkvader as wyle ds. J. H. Neethling van Stellenbosch.

(Vervolg van bl. 2, kol. 3)

het. Miskien was daardie besluit van Stellenbosch 'n bietjie oorhaastig. Byna onmiddellik is die besluit van die „Wits"-monstervergadering deur hulle rektor ge-„veto" en „Spore" is in ere herstel as offisiële Afrikaanse Studenteblad aldaar.

Met die oog op hierdie veranderde houding van „Wits", asook die feit dat hulle onderneem om in alle interuniversitêre aangeleenthede waaraan Afrikaanse Universiteite deelneem, ons beleid van kleurapartheid te eerbiedig, is dit nie alleen billik nie maar ook uiters wenslik dat hierdie studente-unie so gou moontlik betrekkinge met Universiteit Witwatersrand hernu.

E e r s d a a g s (heelwaarskynlik Woensdagmiddag om 4 uur) sal 'n monstervergadering in die C.S.V.-saal gehou word wat nie alleen die aandag maar ook die teenwoordigheid van alle studente noodsaak.

Daar sal, onder andere, ons standpunt in die algemeen gestel word; dat Stellenbosch graag betrekkinge wil behou met alle Universiteite wat in sake van inter-universitêre aard waarby Stellenbosch regstreeks betrokke is, die beleid van kleurapartheid eerbied b.v. op inter-universitêre, sport-, sosiale- of debatsaangeleenthede.

Meer besonder sal die Studenteunie gevra word om kennis te neem van die veranderde amptelike houding van Universiteit Witwatersrand ten opsigte van dié sake wat verlede jaar gelei het tot die verbreking van bande onderling. Ook sal daar dan voorgestel word dat ons onmiddellik betrekkinge hernu met Universiteit Witwatersrand.

Geagte medestudente, moet nie alles op die skouers van die S.V.R. pak nie maar kom self deur u teenwoordigheid, belangstelling en bespreking, op die monstervergadering, om ons inter-universitêre verhoudings in die reine te bring, en op 'n meer gesonde en logiese basis te grondves.

D. J. DU P. MOOLMAN,
(Voorsitter, S.V.R.)


**HENDRIKSZ**
die slagter, spesialiseer in
WORS en VLEIS
vir
BRAAIVLEISAANDE.
Andringastraat, Stellenbosch.

**R. W. VAN RIJN**
BRILMAKER
Bring u oogarts se voorskrif na my. Groot verskeidenheid in die modernste Brilrame, asook raamlose modelle. Spesiale afslag vir studente.



5DE VERDIEPING — GROOTE KERKGEBOU — KAAPSTAD

**Foon 94**
**Santy se Bottelstoor**
*En probeer ons groot verskeidenheid Soetwyne en keurige Aptyt-drankies.*

